

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Tuesday 3 July 1973

WINDHOEK

Dinsdag 3 Julie 1973

No. 3332

CONTENTS

INHOU D

Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 104 Ordinance, 1973: Promulgation of

Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van 654

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Acting Secretary for South West Africa.

H. P. F. GOUS,
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 104].

[3 July 1973.

No. 104].

[3 Julie 1973.

ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act.

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:-

No.	Title	Page
104	Municipal Amendment Ordinance, 1973	655

No.	Titel	Bladsy
9	Munisipale Wysigingsordonnansie, 1973 ...	656

No. 9 of 1973.]

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE, 1973.

(Assented to 27 June 1973.)

(English text signed by the Administrator.)

(Date of commencement 3 July 1973 (except sections 2 and 3).)

ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963, in regard to contracts in which councillors have interests; the duration of time between general elections of councillors; the improvements on which an improvement rate shall be levied; the imposition of conditions and restrictions at the sale of immovable property by a council; the amount for which contracts may be concluded without calling for tenders; to provide that a council may set aside public parks, gardens, squares, recreation grounds and open spaces for the use of certain classes of persons; to extend the ways in which movable assets of the municipality may be disposed of; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Amendment of section 16 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 2 of Ordinance 5 of 1964 and section 1 of Ordinance 29 of 1965.

1. Section 16 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the proviso to subsection (1) of the following paragraph:

“(a) casual purchases up to two hundred and fifty rand per month if such transactions shall have been authorised in writing by the mayor and are reported to the council and in writing to the town clerk;”.

Amendment of section 43 of Ordinance 13 of 1963.

2. (1) Section 43 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) In every municipality already constituted on the first day of March, 1973, a general election of councillors shall be held quinquennially on the second Wednesday in March, commencing in the year 1973, and after the first election in terms of section *forty-one* in any municipality constituted after the first day of March, 1973, a general election of councillors shall be held simultaneously with the quinquennial general elections hereinbefore provided for.”.

No. 9 van 1973.]

MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE, 1973.

(Goedgekeur 27 Junie 1973.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

(Datum van inwerkingtreding 3 Julie 1973 (uitgesonderd artikels 2 en 3).)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963, betreffende kontrakte waarby raadslede belange het; die tydsverloop tussen algemene verkiesings van raadslede; die verbeterings waarop 'n verbeteringsbelasting gehef word; die op lê van voorwaardes en beperkings by die verkoop van onroerende eiendom deur 'n raad; die bedrag waarvoor kontrakte aangegaan mag word sonder dat tenders aangevra word; om voorsiening te maak dat 'n raad openbare parke, tuine, pleine, ontspanningsterreine en oop ruimtes vir gebruik deur bepaalde klasse van persone kan afsonder; om die wyses waarop roerende bates van 'n munisipaliteit van die hand gesit mag word, uit te brei; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 16 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur paragraaf (a) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 16 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 5 van 1964 en artikel 1 van Ordonnansie 2 van 1965.

“(a) toevallige aankope teen 'n waarde van hoogstens twee-honderd-en-vyftig rand per maand as sodanige transaksies skriftelik deur die burgemeester gemagtig is en aan die raad en ook skriftelik aan die stadsklerk meegedeel is;”.

2. (1) Artikel 43 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 43 van Ordonnansie 13 van 1963.

“(1) In elke munisipaliteit reeds ingestel op die eerste dag van Maart 1973, moet 'n algemene verkiesing van raadslede vyfjaarlik op die tweede Woensdag in Maart gehou word, beginnende in die jaar 1973, en na die eerste verkiesing ingevolge artikel een-en-veertig in 'n munisipaliteit ingestel na die eerste dag van Maart 1973, moet 'n algemene verkiesing van raadslede gehou word gelyktydig met die vyfjaarlikse algemene verkiesings soos reeds hierin bepaal.”.

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE,

NO. 9 OF 1973.

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of March, 1973.

Insertion
of section
172A in
Ordinance
13 of
1963.

3. (1) The principal Ordinance is hereby amended by the insertion after section 172 of the following section:

"Defini-
tion of
"improve-
ments"
for rate
purposes.

172A. Notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance, "improvements" shall for the purposes of the levy, in terms of this chapter, of an improvement tax on rateable property and for the purposes of the determination, in terms of this chapter, of the value of improvements on land not include any machinery and equipment, but shall include all storage tanks of any nature whatsoever."

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of January 1973.

Amendment
of section
174 of
Ordinance
13 of 1963,
as amended
by section
4 of Ordl.
nance 17
of 1970 and
section 3
of Ordl.
nance 7
of 1971.

4. Section 174 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) A council may, subject to the approval of the Executive Committee, at the sale by it of any immovable property the title deeds of which are not subject to any conditions imposed in terms of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) or the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) impose conditions or restrictions in respect of the restriction or limitation of the use of such property, solely for residential or business purposes, or for both, or for such other purposes as it may prescribe."

Amendment
of section
225 of
Ordinance
13 of
1963, as
amended by
section 9
of Ordl.
nance 29
of 1965.

5. Section 225 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Before entering into any contract for the execution of any work or for the supply of any goods or materials involving an amount of one thousand rand or more, or to establish a transport service in terms of paragraph (b) of subsection (1) of section *two hundred and thirty-two* the council shall call for tenders by notice published in two or more newspapers and posted at the municipal office, stating the purpose of the proposed contract and giving such particulars thereof as the council may deem fit. The closing date for the receipt of such tenders shall be not less than fourteen days after the publication of such notice."

Amendment
of section
231 of
Ordinance
13 of
1963.

6. Section 231 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) establish, lay out, maintain and improve for the public benefit, public parks, gardens, squares, recreation grounds and open spaces and shall have the power, in its discretion, to set aside any public park, garden, square, recreation ground and open space for the use of Europeans, Natives or

MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE,

NO. 9 VAN 1973.

(2) Subartikel (1) word geag in werking te getree het op die eerste dag van Maart 1973.

3. (1) Die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging na artikel 172 van die volgende artikel:

“Omskrywing van “verbeterings” vir belastingdoeleindes.

172A. Nieteenstaande andersluidende bepalinge in hierdie ordonnansie vervat, sluit “verbeterings” vir die doeleindes van die heffing, ingevolge hierdie hoofstuk, van ’n verbeteringsbelasting op belasbare eiendom en vir die doeleindes van die bepaling, ingevolge hierdie hoofstuk, van die waarde van verbeterings op grond, nie enige masjinerie en toerusting in nie, maar sluit wel alle opgaartenks van water aard ook al in.”

Invoeging van artikel 172A in Ordonnansie 13 van 1963.

(2) Subartikel (1) word geag in werking te getree het op die eerste dag van Januarie 1973.

4. Artikel 174 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na subartikel (3) die volgende subartikel in te voeg:

“(3A) ’n Raad kan onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee by die verkoop deur hom van enige onroerende eiendom, waarvan die titelbewys nie aan enige voorwaardes, opgelê ingevolge die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) of die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) onderworpe is nie voorwaardes of beperkings oplê ten opsigte van die inkorting van, of die beperking op, die gebruik van sodanige eiendom uitsluitlik vir woon-, of sake-doeleindes, of vir albei, of vir sodanige ander doeleindes soos hy voorskryf.”

Wysiging van artikel 174 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 17 van 1970 en artikel 3 van Ordonnansie 7 van 1971.

5. Artikel 225 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Voordat hy enige kontrak aangaan vir die uitvoering van enige werk of vir die lewering van enige goedere of materiaal waarby ’n bedrag van een-duisend rand of meer betrokke is of vir die instelling van ’n vervoerdiens ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel tweehonderd twee-en-dertig moet die raad om tenders vra by kennisgewing wat in twee of meer nuusblaai gepubliseer moet word en by die munisipale kantoor opgeplak moet word, waarin die doel van die beoogde kontrak vermeld word en waarin sodanige besonderhede daarvan, soos die raad goedvind, verstrek word. Die sluitingsdatum vir die ontvangs van sodanige tenders moet minstens veertien dae na die publikasie van so ’n kennisgewing wees.”

Wysiging van artikel 225 van Ordonnansie 13 van 1963 soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 29 van 1965.

6. Artikel 231 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) openbare parke, tuine, pleine, ontspanningsterreine en oop ruimtes ten bate van die publiek instel, aanlê, in stand hou en verbeter, en het die bevoegdheid om, na goeddunke, enige openbare park, tuin, plein, ontspanningsterrein en oop ruimte vir gebruik deur blankes, inboorlinge of kleurlinge af te

Wysiging van artikel 231 van Ordonnansie 13 van 1963.

MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE,
NO. 9 OF 1973.

Coloured persons and to prohibit their use, when set aside for persons of any one or more of such classes of persons, by persons of any other class or classes: Provided that whenever any such public park, garden, square, recreation ground or open space does not already vest in the municipality in terms of section *one hundred and seventy-seven*, or any other trustee or trustees, the council shall, before incurring any expenditure in connection therewith secure the registration in the Deeds Registry of a deed conveying the ownership therein to the municipality in trust for the inhabitants, subject to the consent of the Executive Committee, and upon such terms and conditions as may be approved by it: Provided further, that the council may, with the prior consent of the Executive Committee, set apart temporarily any area of the townlands for any of the aforementioned purposes, and exercise in respect thereof any of the powers mentioned in paragraphs (b) to (h), both inclusive, but in any such event the council shall not employ such area of land for any other purpose or alienate such land save with the further consent of the Executive Committee which may be given after compliance by the council with such conditions as the Executive Committee may stipulate;”.

Amendment
of section
238 of
Ordinance
13 of
1963.

7. Section 238 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Except where any movable asset of the municipality is disposed of in terms of any provision of this Ordinance or where any such asset is disposed of to the State or to any other local authority, any such asset shall be disposed of by way of public auction or tender or in any other way approved by the Executive Committee: Provided that any such asset which has been unsuccessfully offered for sale by public auction or tender or in such other way approved by the Executive Committee, at an upset price may be sold by private negotiation at a price not less than such upset price or at a price less than such upset price as may be approved by the Executive Committee.”.

Short Title.

8. This Ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance, 1973.

MUNISIPALE WYSIGINGSORDONNANSIE,

NO. 9 VAN 1973.

sonder en te belet dat hulle, wanneer afgesonder vir persone van een of meer van sodanige klasse van persone, deur persone van enige ander klas of klasse gebruik word: Met dien verstande dat wanneer ook al so 'n openbare park, tuin, plein, ontspanningsterrein of oop ruimte nie reeds ingevolge artikel *eenhonderd sewen-en-sewentig* by die munisipaliteit of by enige ander trustee of trustees berus nie, die raad, voordat hy enige uitgawe in verband daarmee aangaan, die registrasie van 'n akte in die Aktekantoor moet verkry wat die eiendomsreg daarop aan die munisipaliteit in trust vir die inwoners oordra onderhewig aan die toestemming van die Uitvoerende Komitee en op die bepalings en voorwaardes wat hy goedkeur: Met dien verstande voorts dat die raad met die voorafverkreë toestemming van die Uitvoerende Komitee enige gebied van die dorpsgrond vir enige van die voormelde doeleindes tydelik kan afsonder en ten opsigte daarvan enige van die bevoegdhede vermeld in paragrawe (b) tot en met (h) kan uitoefen, maar in enige sodanige geval mag die raad nie sodanige stuk grond vir 'n ander doel gebruik of sodanige grond vervreem nie, buiten met die verdere toestemming van die Uitvoerende Komitee en sodanige toestemming kan verleen word nadat die raad die voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee moontlik stel, nagekom het;”.

7. Artikel 238 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 238 van Ordonnansie 13 van 1968.

“(1) Uitgesonderd waar enige roerende bate van die munisipaliteit ingevolge enige bepaling van hierdie ordonnansie van die hand gesit word of waar enige sodanige bate van die hand gesit word aan die Staat of aan enige ander plaaslike bestuur, moet enige sodanige bate van die hand gesit word by wyse van 'n openbare veiling of op tender of op enige ander wyse deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur: Met dien verstande dat enige sodanige bate wat by openbare veiling of op tender of op sodanige ander wyse deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur teen 'n insetprys ter verkoop aangebied word en nie verkoop word nie by wyse van 'n private onderhandeling verkoop kan word teen 'n prys minstens gelyk aan sodanige insetprys of teen 'n prys laer as sodanige insetprys na gelang die Uitvoerende Komitee goedkeur.”.

8. Hierdie Ordonnansie heet die Munisipale Wysigingsordonnansie, 1973.

Kort titel.

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek,
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek,
Suidwes-Afrika.